LESBEPLANNING
LEERPROGRAM: GELETTEDHEID (HUISTAAL)

GRAAD: 1

TEMA EN INHOUD: VEILIGHEID in en rondom die huis/skool/omgewing ‘n Brand

TYD’s DUUR: + - 4 Weke

LU en Ass Standaarde	Leer Aktiwiteite	Hulpmiddels
LU 1: LUISTER 1. Luister aandagtig na instruksies en reageer op gepaste manier 2. Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir spreker te toon, beurte te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry. 3. Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip: • luister vir die hoofidee en belangrike besonderhede in die storie • voer dele uit ‘n storie, liedjie en rympie op • teken ‘n prent van die storie en skryf ‘n	Leerders luister daagliks na Bybel verhale en liedjies . Hulle beantwoord vrae oor die storie. Leerders luister na gediggies, rympies,raaisels en kort stories oor tema. Leerders luister en voer 3 opdragte uit. Leerders luister daagliks na stories wat voorgelees word of vanaf prente vertel word. Leerders vertel stories oor in regte volgorde . Leerders dramatiseer gedeeltes van die stories (oor tema) en maak gebruik van maskers en kostuums.	Storie boeke Prente boeke Muurprente Flitskaarte Klankkaarte Naam etikette Leesreekse Gom

paar woorde daaroor • beantwoord oop vrae oor die stori 4. Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies 6. Ontwikkel klankbewustheid: • onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde • herken sommige rywoorde in algemene rympies en liedjies • herken meervoude, “e” en “s”, en “ge” aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd LU 2: PRAAT 1. Gesels oor eie ervaringe, gevoelens en NUUS 2. Dra idees oor deur interessante beskrywings en aksiewoorde te gebruik 3. Sing, reseteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op 4. Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie 6. Vertel eie ervaringe in volgorde oor 7. Vertel ‘n bekende kort storie wat ‘n begin, mid- del en einde het indien nodig mbv prente 9. Gebruik taal gepas vir verskillende geleent-hede en met verskillende mense • voer ‘n onderhoud met volwasse	Leerders beantwoord vrae oor stories in vol sinne. Hulle druk gevoelens uit oor gebeure in die storie deur gebruik te maak van beskrywende woorde. (Ek voel…….omdat……..) Leerders luister na die storie en eien hoofkarakters, waar die storie afspeel, bv. In die bos, in die stad,op die plaas ens. Leerders vertel van persoonlike ervarings en nuus gebeure (op televisie gesien of in die koerant gelees) oor tema. Leerders moet ten minste 4 vol sinne kan gebruik. Hulle teken ook ‘n prent om die nuus uit te beeld. Leerders skryf ten minste 1 sin oor nuus. Gediggies, rympies en kort stories oor tema word voorgelees. Gediggies word gememoriseer en voorgedra. Aksies word uitgevoer en daar kan ook rolvertolking gedoen word (verpleegster,dokter of polisie\brandweer man) 3 tot 5 gebeure word in volgorde geplaas. Bv. As daar ‘n brand is wat sal jy eerste doen? 1. Bel die nood nommer. 2. Ontruim die gebou. 3. Wag vir die hulp om op te daag. Voer ‘n onderhoud met ‘n verpleegster, polisie beamte, ens.	Potlode Inkleur potlode Kryte Tydskrifte Koerant uitknipsels Televisie Bandopnemer Video masjien Dvd speler Konkrete apparaat Maskers

besoeker aan klas (brandweerman) • rolspeel ‘n relevante situasie (blus ‘n brand) LU 3: LEES EN KYK 1. Gebruik visuale leidrade om betekenis te skep: • gebruik illustrasies om betekenis van stories te interpreter en vertel ‘n storie 3. Skep betekenis uit geskrewe teks: • lees ‘n storie saam met opvoeder en bespreek die hoofidee • identifiseer die besonderhede (bv. Hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond) • se of hy/sy daarvan hou en waarom 4. Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks: a. Lees eenvoudige geskrewe stof b. Lees eie skryfwerke en die van klasmaats c. Gebruik klank en woordherkennnings-vaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekodeer (bv visuele leidrade, soos woord en letter patrone, prenteleidrade, kontekstuele leidrade en letter-klank-verhoudings)	Die brandweer kan ook ‘n besoek aan die skool bring en ‘n demonstrasie (hoe om ‘n brand te blus) uitvoer. Groep besprekings word gehou en leerders moet na mekaar luister en hul kans vir ‘n spreekbeurt afwag. Gehooroefeninge word daagliks beoefen om ouditiewe geheue en klankbewustheid te bevorder. Leerders is in staat om dubbel (vokale) klanke te identifiseer.bv.kook . vier, saam ens. Lees ‘n kort storie oor tema; - Leeders identifiseer meervoude,verlede tyd. -Hulle gee ook minstens 2 beskrywende woorde uit storie .bv,groot/klein vuur. Harde sirene. -Pas die regte woorde by prente. -Skommel letters in die regte volgorde bv. r a d n= brand r u v u = vuur -Gee 5 woorde en 3 sinne, leerders moet die korrekte woorde invul. vuur water skerp straat hard Moenie oor die ……. hardloop nie.	

5. Ontwikkel klankbewustheid • Herken en benoem alfabetletters (klanke) • Verstaan die verskil tussen letternname en- klanke • Verstaan dat letternname dieselfde bly maar dat die klanke wat dit voorste, kan verander. • Veerdeel eenvoudige woorde enkel be- gin konsonante en kort vokale (KVK patron) in die eerste klank en die 2de deel v/d lettergreep, soos: k–at, m-at, v-at, w-at • Herken 2-letterkombinasies aan die begin van woorde soos gr-oen, bl-om • Herken sommige sigwoorde (hoefrikwensie woorde soos “die”, ‘n, “met”, “ek”, “jou”, insluitend sy/haar eie naam en gedrute teks in die omgewing. 6. Lees vir inligting en genot. LU 4: SKRYF EN PRAAT 1. Skryf toenemend leesbaar • Hanteer skryfinstrumente soos potlode	Die brandweer man het die …….. geblus. Moenie met …… voorwerpe speel nie. -Leerders identifiseer verskillende begin en eind klanke in leesstuk. -Leerders doen onvoorbereide lees,onbekende woorde word vasgele om vlotheid te bevorder. -Gee twee woorder waarvan leerders die regte keuse moet maak. Bv. Ek sien ‘n groot (vier,vuur). -Leerders ka nook saam met die onderwyser lees (shared Reading) -Leerders lees vir inligting en genot -‘Drop all and read’ Onderwyser let op na die korrekte potlood greep.	

doeltreffend • Oefen lettervorming en handskrifvaar-dighede,die trek van patrone, die natrek en naskryf van woorde • Vorm letters van die alfabet suksesvol 2. Doen Pre-skryfaktiwiteite • reageer op 'n prent om eenvoudige sinne te skryf • bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats 3. Skryf vir verskillende doeleindes: • stel lyste saam • skryf eenvoudige byskrifte en onderskrifte vir tekeninge • skep eenvoudige tekste vir (verjaar dag kaartjies, of kaartjies gebasseer op tema) • versamel gepaste prente om teks te illustreer. 4. Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk en hersien dit • dra idees by tot die skryf van 'n storie • hersien 'n konsepweergawe van die storie om dit duideliker en interessanter te maak. 5. Skryf sodat almal kan verstaan: • gebruik letters om enkele woorde en kort sinne te vorm	Korrekte liggaams posisie en drukking op blaai. Patrone word geoefen. Leerders skryf tussen lyne. Klem word gele op korrekte letter formasie, spasiering en punktuasie. Leerders skryf woorde en sinne en verstaan konsepte soos ;van bo na onder, van links na regs. Leerders begin om hul eie sinne te skryf met hulp en ondersteuning. Hulle skryf 3 letterwoorde. Onderwyser hlelp leerders wat sukkel met uitknip aktiwiteite. Leerlinge verstaan en praat oor oorsake en gevolge.	

• Laat ruimtes tussen woorde • Gebruik links na regs en bo na onder orienteering wanneer leerders skryf LU 5: DINK EN REDENEEER 1. Gebruik taal om konsepte te ontwikkel • toon onwikkelde kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed tyd, ouderdom, volgore 2. Gebruik taal om te dink en te redeneer: • klassifiseer inligting (soos bv. Groepeer verskillende diere) • identifiseer dele van 'n geheel (soos dele van 'n fiets) 3 Gebruik taal om te ondersoek: • stel vrae en soek verduidelikings • bou en voltooi plrent- en woordraaisels LU 6: TAALSTRUKTUUR EN GEBRUIK 1. Bring klanke in verband met letters en woorde • verdeel gesproke woorde in letteergrepe • gebruik klanke om woorde te lees en te spel 2. Werk met woorde: • weet waar geskrewe woord begin en	Hulle moet verstaan dat vir elke verkeerde aksie 'n nadelige gevolg gaan wees. As jy met vuur/kookwater speel, sal jy brand. As jy blindelings oor die straat loop, sal jy omgery word. Identifiseer dele van 'n geheel bv. 'n Brandweer wa; leer, wiele,vensters ens. Onderwyser vra aan leerders om veilige en onveilige voorwerpe te identifiseer en te groepeer. Stel ondersoek in bv. Oor hoe die water in die brandweer wa kom, en waar die water vandaan kom? Leerders voltooi prent en woord raaisels. Woorde word in lettergrepe verdeel deur woorde te klap en se bv. brand – weer- wa, si – re –ne ens. Onderwyser help leerders omte verstaan waar en hoekom hoofletters gebruik word. Leerders skryf hul eie sinne oor tema met hulp en ondersteuning van onderwyser. Daar word gebruik gemaak van verlede en teenswoordige tye. Onderwyser vestig leerder se aandag sodat hulle kan weet	

eindig en laat spasies tussen woord • spel sommige bekende woorde korrek 3. Werk met sinne • Skryf eenvoudige sinne oor spesifieke onderwerp • Gebruik skryfkonvensies: ‘n hoofletter in eiename en aan die begin van ‘n sin en ‘n punt aan die einde van ‘n sin • Gebruik teenswoordige en verlede tyd korrek	die begin, middle, en einde van ‘n storie. Leerders se aandag word ook gevestig op letters, woorde,sinne en die gebruik daarvan.	
BESONDERHEDE VAN ASSESSERING		
LEERPROBLEME		
OORSIG		